

**Donderdag 13 Oktober**

**Skrifgedeelte: Romeine 4:6-25**

**Fokusgedeelte: Romeine 4:13, 16, 23-25 (neem HK Sondag 7 as agtergrond)**

**Geregtigheid toegereken nie deur ons voorvaders nie, maar deur die geloof**

In Genesis 26, nadat God Abraham se belofte van die beloofde land aan Isak bevestig, sê Hy dis “omdat Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooië, my insettinge en my wette onderhou het” (Gen. 26:5). Hierop roem die Rabbynse Jode verkeerdelik op hulle voorvader Abraham en leer dat hy God se hele Wet onderhou het, selfs voordat dit al neergeskryf was (vgl. die Mishnah).

Paulus wys hulle op die geregtigheid van God wat alle mense voor Hom skuldig maak. Niemand is regverdig of in staat om sy Wet te onderhou nie. Alle mense het gesondig behalwe Een – Jesus Christus. In Hom word God se geregtigheid geopenbaar, omdat Hy die volle prys wat God eis, aan die kruis betaal het. Alleen deur die geloof kan die mens regverdig word en aan God se beloftes deel kry. Paulus haal uit die Wet van Moses aan om te wys dat ook Abraham nie uit die werke regverdig is nie (vgl. vs 3), maar “hy het in die HERE geglo; en Hy het hom dit tot geregtigheid gereken” (Gen. 15:6).

Die belofte van die ewige lewe is alleen uit genade deur geloof in Christus moontlik (Rom. 4:16). Alleen in Christus die HERE is daar hoop vir sondaarmense soos ons en ons kinders. Dat Abraham “teen hoop op hoop geglo” het (vs 18), en volgehou het “sonder om te verswak in die geloof” (vs 19), en ook “nie deur ongeloof aan die belofte van God getwyfel [het] nie” (vs 20a), is nie deur Abraham se goeie werke nie.

Dis nie “my geloof” wat my red nie, want die teksgedeelte sê verder “hy is versterk deur die geloof” (vs 20b). Dis alleen die Heilige Gees wat ons versterk om deur die gawe van geloof aan God se beloftes in Christus vas te hou.

*Sing: Psalm 97-1:7*

*Ds. GJ Venter (Jonker) (Totiusdal)*